Donderdag 31 Desember
Skrifgedeelte: Numeri 6:22-27 (AFR2020)
Fokusgedeelte: Numeri 6:24-26
Oujaar: Die Here seën jou

'n Ou jaar onder die Here se seën gaan verby. More begin 'n nuwe jaar. God het Aäron en sy seuns aangestel as priesters oor Israel en gee 'n formule met drie frases waarmee hulle die volk moet seën, of die Here se "Naam op die volk moet lê".

Elke frase begin met die Verbondsnaam Jahwe, Die HERE, gevolg deur seënwoorde. In die Hebreeus het elke frase twee meer woorde as die vorige: Jahwe plus, twee, vier en ses woorde = Jahwe plus twaalf. So word die Naam van die Here soos 'n kombers gelê oor die twaalf stamme van Israel.

Die Here seën as die Drie-Enige God:

- Vers 24: *Mag die Here jou seën en jou beskerm*. Die Vader is ons seënende beskermer. Soos 'n aardse vader sy huisgesin beskerm, beskerm die hemelse Vader ons. Hy is die Skepper wat alles onderhou, regeer, veilig hou en versorg.
- Vers 25: *Mag die Here sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees*. 'n Gesig wat skyn soos die son, kyk met vriendelike genade. God stuur sy Seun aarde toe om deur sy kruisdood en opstanding vergifnis van sonde en die ewige lewe te verwerf. So verdien en bewys Hy aan ons God se genade.
- Vers 26: *Mag die Here sy aangesig na jou toe oplig en aan jou vrede gee*. 'n Gesig wat oplig, gee aandag. Luister met 'n vriendelike oor. Wil in 'n nuwe verhouding staan en alle vyandskap beëindig. Die vrede van God en met God kan ons beleef, ongeag van omstandighede, omdat die Heilige Gees in ons hart ons oortuig van God se beloftes.

So bly die Naam van die Here op ons. Ons kon dit sien in 'n jaar van seën wat verby is. Ons kan daarna uitsien in 'n jaar van seën wat voorlê.

*Sing: Psalm 84:1-6*

*Ds. AP (Alwyn) Tredoux (Kempton Park-Noord)*